

30 Mei

**Skrifgedeelte: Titus 3:1-11**  
**Fokusgedeelte: Titus 3:8**

### **Die genade van geloof en goeie werke eis nuwe sorgsaamheid**

'n Gebou kan met die beste stene, die beste sement en die beste toerusting denkbaar gebou word, maar indien die fondasie nie reg is nie, voorspel alles groot probleme. Hierdie gevaar word deur die apostel Paulus in Titus 3:1-7 aangespreek. Hy maak seker daarvan dat die gelowiges van Kreta en so ook die gelowiges van alle tye dit sal besef.

Titus 3:4-6 kan kortliks saamgevat word deur te sê dat God Drie-Enig se goedheid en liefde die basis vorm van dit wat ons uit dankbaarheid moet doen. Genade maak kinders van God nuut, soos dit blyk uit die kontras tussen "vroeër" (vs 3) en "maar toe" (vs 4). En natuurlik hoor ons die eggo van menslike protes wat sê dat indien alles net genade is, kan ek rustig agteroor sit. God se genade is dus vir baie mense 'n sagte kussing waarop hulle slaap-slaap deur die lewe wil gaan.

Titus 3:8 skud dié wat slaap-slaap deur die lewe gaan, wakker. Wie geloof en genade uitroep, sê in dieselfde asem ook goeie werke. Dit mag vreemd klink, maar met die woord genade veronderstel ons ook goeie werke, want genade sluit nie die goeie werke uit nie, maar juis in. Wie kan daarop roem dat hy/sy glo, maar hulle weier om te doen? Om dit te doen, kom daarop neer dat God se genade goedkoop gemaak word. Calvyn het eenmaal opgemerk dat die mens nie deur goeie werke verlos word nie, maar ook nie daarsonder nie.

Sien u? Dit is nie 'n geval van óf ... óf nie, maar van én ... én, met ander woorde die een en die ander. Hoor u wat sê vers 8? Daarom moet ons sorg dra om ons op goeie werke toe te lê. Die woorde "sorg dra" kan ook beteken *om werk te maak van iets* of *om besig te bly met iets*. In hierdie woord is die gedagte van toewyding in opgesluit wat getuig daarvan dat dit wat ek doen, omdat ek soveel ontvang het, nou iets is wat ek onder my sorg neem. Ek besef daarom dat genade niemand passief maak nie.

Dankie tog vir die stewige fondasie wat God in en deur sy Seun gelê het en die erns dat ons sorgvuldig hiermee wil omgaan.

*Sing: Skrifberyming 15-7:2*

*Dr. FP Kruger (Meyerspark)*